

KLEINSKAALSE BOERE EN DIE MIELIE- WAARDEKETTING

Ons regering se visie vir
lanbouhervorming,
is dat kleinskaalse
boere die kommersiële mark betree. Dit is 'n hersenskim!



Kleinskaalse boere en klein plaaslike meulenaars, word uit die waardeketting, uitgesluit

Die kommersiële verbouing van mielies in Suid-Afrika, is gebaseer op die gebruik van geneties gewysigde (GG) saad, chemiese kunsmis en insekdoders. Kleinskaalse boere kan nie bekostig om hierdie insetkoste te betaal, tensy die regering hulle help, of hulle lenings aangaan om daarvoor te betaal, nie.

Aangesien dit kunsmatig in laboratoriums vervaardig word en die maatskappye wat dit vervaardig (soos Monsanto), boere baie geld vra vir die saad, is GG sade baie duur. Daarbenewens styg die koste van insekdoders en kunsmis ook deurgaans.

Dit kos boere baie om hul mielies na 'n silo te vervoer en dit daar te stoor. Die groot kommersiële meulenaars, wat die meeste van die land se mielies koop, doen dit slegs in grootmaat - gewoonlike boere meer as wat kleinskaalse boere kan produseer.

Kleinskaalse meulenaars kan nie met die groot spelers meeding nie, aangesien hulle die industrie oorheers en beheer.

Watter keuses het die kleinskaalse boere wat 'n bestaan op hulle grond wil maak?

